

18 Junie

Skrifgedeelte: Ps 62 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Ps 62:10

By die Here verander...

Dit klink op die oor af so troosteloos: “Mense is verganklik ... niks ...” Tog is dit hierdie waarheid wat die Heilige Gees gebruik om Dawid te laat ontdek dat God die ruspunt; die ankerpunt; die blywende steunpunt van die nietige, verganklike ou mense is. Hier vertel Dawid van omstandighede waarin mense allerhande beskuldigings teen hom slinger en hom selfs probeer doodmaak. Met allerhande leuens probeer hulle om hom uit te werk. Natuurlik was dit niks lekker nie. Dit was pynlik en swaar om dit te belewe. Hy is in sy diepste wese, in die fundamente van sy bestaan aangetas; daarom sê hy hy is soos 'n muur wat wil omval, 'n klipmuur wat omgestoot word.

Terwyl hy egter so na sy uitgekalfde, wankelmoedige, skeefhangende ou lewensmuurtjie kyk, sien hy deur die genade van die Heilige Gees die ander werklikheid wat keer dat sy lewensmuur nié ineenstort nie: God steun hom dat hy nog steeds vas en stewig staan, al lyk dit vir hom én die hele wêreld of hy enige oomblik in duie kan stort! Deur God se genade kan 'n skynbaar skewe ou muurtjie tot in ewigheid regop bly! Hy sorg dat 'n verganklike ou mense die onverganklike kroon van die lewe by Hom verwerf!

God is inderdaad die rots, die ewige fondament en die onvernietigbare vesting wat die nietige, verganklike mensekind se ewige waarde en onverganklikheid waarborg! So kon Dawid rus vind in sy God. Hierdie psalm begin by die rus en sekerheid in God, en nie by die mens se verganklike nikswees nie. Hy maak van ons nikswees, ewige kindwees! Hy het dit klaar deur Jesus Christus gedoen! Wie dus bou op dié rots, Jesus, sal nooit vergaan nie, maar leef tot in alle ewigheid!

Sing: Psalm 62:4 Ds JH Cilliers (Standerton)